higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010474)

31 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

128Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5.. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Swaar materiaal met kruisgebinde riffels ('crosswise ribs') van wisselende wydte, oorspronklik van syskering en wolinslag	A	selfkant
1.2	Growwe oppervlak van linne, katoen of rayon	B	seil
1.3	Swaar, gladde materiaal van satynbinbinding met 'n dowwe skynsel	C	breistowwe
1.4	Kan gemerseriseer word om dit gladder, blinker en sterker te maak	D	perkal
1.5	Gevorm deur vergrendelde draadlusse ('interlocking loops of yarn'), horisontal rye genoem bane ('courses') en oorlangse rye wat riffels genoem word	E	skering ('warp')
1.6	Laat materiaal skeef ('crooked') lyk selfs al is draadlyne reguit ('true')	F	riffel
1.7	Swaar, sterk, effebindingmateriaal, gewoonlik van katoen maar soms van sintetiese vesel of mengsels	G	grof
1.8	Fyn, liggewigmateriaal met gladde afwerking, katoen of mengsel van katoen en poliëster	H	ottoman
1.9	Soort woldraad en materiaal waarin vesels gekam en gekaard word om kort vesels te verwyder	I	padua-sy
1.10	Ferm geweefde strook gevorm teen elke lengtedraadkant van voltooide materiaal	J	kamwolstof ('worsted')
		K	kwilt
		L	skeefdraadse ('off-grain')
		M	katoen

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Soortgelyke ylnate aan teenoorgestelde kante van 'n kledingstuk moet in dieselfde posisie wees en dieselfde lengte hê

2.2 Rygplooie val die beste op die dwarsdraadrigting.

2.3 Omgekeerde stolpplooie word in een rigting gedraai en het een voulyn en een plasingslyn.

2.4 Die kontoerpylnaat strek ('extends') diagonaal vanaf enige deel van 'n kledingstuk. Beide die skouerpylnaat en die middellynpylnaat word toegewerk om die kontoerpylnaat te akkomodeer.

2.5 Rygplooie in 'n romp se middellyf kan afgewerk word met 'n ingeslote naat soos 'n middellyfband.

2.6 Ingeslote nate word gevorm deur twee lae materiaal met die regte kante op-mekaar vas te steek en passende inkepings met gereelde tussenposisies op die naatlyn te maak.

2.7 Die naatkante op rompe kan uitgetand ('pinked'), gesigsag of omgekap word.

2.8 Beltlussies op die middellyfband van damesrompe kan enige wydte wees wat by die ontwerp pas.

2.9 Die middellyfband van 'n damesromp moet met die regte kante na buite in die helfte gevou word om 'n vou as gidslyn in te stryk.

2.10 Wanneer 'n belegsel op 'n soom geplaas word, word die soomtoelating uitgeskakel en die rou rand word ingesluit deur 'n band of omboorsel.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Gestikte vou ('Stitch fold') in materiaal, hoofsaaklik vir dekoratiewe oogmerke, maar ook vir vorming

3.2 Gebruik om volheid te beheer en dan oopgemaak by verlangde punt, soos buuste-area

3.3 Gebruik langs rugkant van skouernaat, by elmboogposisie in die plek van 'n pylnaat of oor die buuste-area in prinsesstyle

3.4 Paneel met twee voulyne en twee plasingslyne

3.5 Stewige, dekoratiewe naat gevorm aan regte kant wat twee rye steke aan die regte kant van die kledingstuk wys

3.6 Ingeslote naat met alle naattoelatings binne die afgewerkte naat weggesteek

3.7 Sigbaar aan buitekant van kledingstuk en volgens verskeie groottes en vorms gesny

3.8 Kraag plat op die skouers teen die kledingstuk met slegs geringe styging aan agterkant van kledingstuk

3.9 Soort kraag wat bestaan uit staandeel en kraagdeel

3.10 Effens groter gesny as area waarop dit pas sodat beweging toegelaat is

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Noem die konstruksieprosesse of detaillering in FIGUUR 1 deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



FIGUUR 1 (10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

Bestudeer die ontwerp van die bloes in FIGUUR 2 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 2

5.1 Benoem die kraag van die bloes.

5.2 Hoe word die epoulette wat in die mousgatnaat gestik is, gestabiliseer?

5.3 Benoem die soort mou.

5.4 Benoem die detaillering aan die mourand.

5.5 Hoe breed moet die knoopsgatstrook afgewerk word?

5.6 Watter steek word vir 'n onisgbare soomlyn gebruik?

5.7 Wat is die doel van die detaillering in VRAAG 5.7 hier bo?

5.8 Watter ander vorm behalwe vierkantige hoeke word op sakflappe gebruik?

5.9 Noem die plooi op die ontwerp van die sak in VRAAG 5.9.

5.10 Watter knoopgrootte sal jy gebruik op die bloesopening as die voltooide breedte van die onderlegstrook ('stand') 2,5 cm. Is?

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Verduidelik elk van die volgende terme rakende tekstiel wat 'n belangrike deel van enige ontwerp is en volgens eienskappe en gewig gekies word:

6.1.1 Verfilting ('Felting')

6.1.2 Aanmekaarsmelting ('Fusing')

6.1.3 Satynbinding ('Satin weave')

6.1.4 Effebinding ('Plain weave')

(4 × 5) (20)

6.2 Verduidelik die konstruksiemetode waarmee die staankraag ('standing collar') aan die neklyn van die ontwerp in FIGUUR 3 geheg is.



FIGUUR 3 (10)

6.3 Bestudeer die sketse in FIGUUR 4 en verduidelik die oorslagmetode waarmee 'n rits aan die opening van 'n romp geheg word.



FIGUUR 4 (10)

6.4 Nate vorm deel van die afwerking van 'n kledingstuk en moet dus netjies gedoen word.

Noem DRIE gehaltestandaarde waaraan voldoen moet word wanneer nate vir rokontwerpe gekonstrueer word. (3 × 2) (6)

6.5 Noem enige VIER nate wat gebruik kan word vir damesrokke. (4)

[50]

VRAAG 7

Bestudeer die sketse van die dameslenterbroek in FIGUUR 5 en beantwoord die vra



FIGUUR 5

7.1 Watter soort middellyfband word gebruik? (2)

7.2 Watter TWEE metodes vir die wegruim van volheid kan vir damesleterbroeke gebruik word? (2)

7.3 Noem die kledingstukdele waarvoor belegsels gebruik moet word. (4)

7.4 Identifiseer DRIE soorte sakke op die ontwerp van die slenterbroeke. (3)

7.5 Watter VIER nate is ideaal vir dameslenterbroeke? (4)

7.6 Noem VIER naattegnieke om te verseker dat alle geronde dele plat lê sonder enige bonkigheid terwyl die oorspronklike voorkoms van die kledingstuk behou word. (4)

7.7 Beskryf die voorheupsakke wat gewoonlik op slenterbroeke gewerk word. (5)

7.8 Verduidelik hoe die voorheupsak gemaak word voordat die sakgedeelte met die regte kante bymekaar aan die belegsel geheg word. (12)

7.9 Noem die verskillende sakgedeeltes wat nodig is om die heupsak op die materiaal uit te sny. (4)

7.10 Noem enige VYF masjienstiksels wat op rokke gebruik kan word om te verseker dat nate nie rek nie terwyl dit materiaallae bymekaar hou en verseker dat alle dele plat teen die kledingstuk lê. (5)

Kopiereg voorbehou

7.11 Verduidelik gradering toegepas op kledingstukdele tydens naatkonstruksie. (5)
[50]

VRAAG 8

Bestudeer die sketse van die damesbaadjie in FIGUUR 6 en beantwoord die vrae.



FIGUUR 6

8.1 Identifiseer elk van die aangeduide konstruksiedetails deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (10)

8.2 Verduidelik elk van die volgende masjienstikseltegnieke in besonderhede:

8.2.1 Houstiksel ('Stay stitching') (6)

8.2.2 Onderstiksel (6)

8.2.3 Bostiksel (4)

8.3 Definieer *pylnaat.* (4)

8.4 Verduidelik hoe die kontoerpylnaat op die baadjie in FIGUUR 6 gekonstrueer word. (10)

8.5 Bestudeer die sketse in FIGUUR 7 en verduidelik hoe 'n verlengde belegsel aan die voorkant van 'n rok geheg kan word.



FIGUUR 7 (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou